

Saterdag 8 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 1:6-10

Fokusgedeelte: Galasiërs 1:6-10

Christus alleen!

Paulus se verhouding met die gemeentetjie in Galasië begin volgens Handeling 14 toe hy in Ikonium, Listra en Derbe gepreek het dat Jesus die Here en Verlosser is ... daar is Paulus gestenig en vir dood agtergelaat, en later het Paulus hulle vermaan om in die geloof te volhard.

Daarom verstaan ons sy ontnugtering wat hy in hierdie brief uitspreek dat hulle wel van die geloof afvallig begin raak het. Midde-in 'n oorheersend ongeloofswêreld met die Romeinse keiser as wêreldoorheerser het Christus vir Hom in die provinsie Galasië enkelinge uitgeroep as gemeente om aan Hom te behoort en te bid: "Laat u koninkryk kom." Watter invloed kon daardie paar gelowiges tog hê? Watter implikasies sou hulle gebede tog vir 'n hele samelewing kon hê?

As 'n kerkie klein is, kan mens maklik moed verloor, maklik gemakliker uitkomst oorweeg, maklik verstrengel raak tussen waarheid en leuen, veral as die leuen as waarheid aangedien word, as jy dog dis 'n engel van die lig, maar dit is nie. Daarom Paulus se teleurstelling wat hy in hoofstuk 1 verwoord.

Die rede vir sy teleurstelling is dat hy tog Christus onder hulle afgeskilder het as die Gekruisigde. Hy sê dis asof hy met sy woorde 'n skildery in die hoorders se gedagtes geverf het – ná sy preek kon hulle in hulle gedagtes Hom aan die kruis sien hang, die Onskuldige vir die skuldiges, vir ons, vir u en my – sy naakte figuur, die nat en droë bloed oor sy gesig van die doringkroon en oor sy lyf vanweë die hale met die gésel.

Daarom wil ek ook Christus aan u verkondig as die Gekruisigde, as enigste Verlosser, enigste Naam op die ganse aarde waardeur enige mens gered kan word. Geen kompromieë, geen afwatering, geen onderhandelinge, geen *en's* of *of's* nie, net – Christus alleen!

Sing: Psalm 45-1:1, 3, 5

Dr. PK Lourens (Pieter) (Emeritus)